eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2017

EKONOMIE

EKSAMENNOMMER

Tyd: 3 uur | 300 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 37 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Lees die vrae noukeurig deur.
3. Alle vrae is **VERPLIGTEND**. Beantwoord vrae soos volg;
   EEN verpligte vraag in AFDELING A.
   VIER verpligte vrae in AFDELING B; en
   EEN verpligte vraag in AFDELING C.
4. Beantwoord AL die vrae in die ruimtes wat op hierdie vraestel verskaf is.
5. Beantwoord vrae, waar moontlik, punt vir punt, maar in volsinne. 'n Sistematiese aanbieding van feite word vereis.
6. Dit is vir jou eie beswil om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
7. Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
8. Moet asseblief nie met 'n potlood **skryf** nie, aangesien werk in potlood nie nagesien sal word nie. Enige sketse of diagramme kan egter in potlood gedoen word.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

AFDELING A

VRAAG 1

Hierdie vraag is verpligtend en moet deur ALLE kandidate beantwoord word.

Kies die korrekte alternatief en kleur die omkringde letter van jou gekose antwoord in. GEEN punte sal toegeken word as meer as een letter per vraag ingekleur is nie. (Verwys asseblief na die instruksies op die voorblad.)

Vraag 1.1 en 1.2 is op Diagram 1 gegrond.

Diagram 1: Kringloop van Inkomste (Vereenvoudigde model)



1.1 Die vloei van goedere en dienste na verbruikers word die beste deur die volgende kringlope geïllustreer:

A 4 en 2 ☐

B 8 en 6 ☐

C 2 en 5 ☐

D 1 en 3 ☐ (2)

1.2 Wanneer die Suid-Afrikaanse regering voertuie by 'n Suid-Afrikaanse maatskappy koop, het die regering 'n groot transaksie in die ... aangegaan.

A faktormark ☐

B openbare mark ☐

C produkmark ☐

D valutamark ☐ (2)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

1.3 Bestudeer Tabel 1 hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

Tabel 1: Nasionale Rekeninge

Nasionale Rekeningtotale 2014	R miljoene
BBP teen markpryse	3 796 460
Primêre inkomste vanaf die res van die wêreld	82 235
Primêre inkomste aan die res van die wêreld	183 779
BNI teen markpryse	?

Die waarde van BNI teen markpryse in Tabel 1 is ...

A 3 694 916 ☐

B 3 898 004 ☐

C 4 062 474 ☐

D 3 530 446 ☐ (2)

1.4 Bestudeer Tabel 2 hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

Tabel 2: Inkomstebelastingtabel

Inkomste per jaar	Belasting betaal per jaar		
	Belasting A	Belasting B	Belasting C
R100 000	R10 000	R10 000	R10 000
R200 000	R20 000	R25 000	R10 000
R300 000	R30 000	R40 000	R10 000
R400 000	R40 000	R60 000	R10 000

Watter van hierdie belastings is proporsioneel?

A Belasting A ☐

B Belasting B ☐

C Belasting C ☐

D Al bogenoemde ☐ (2)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

1.5 Eskom is 'n tipiese voorbeeld van 'n ...

A oligopolie. ☐

B volmaakte mark. ☐

C monopolie. ☐

D Monopsonie. ☐ (2)

1.6 Watter van die volgende pare goedere sal waarskynlik 'n negatiewe kruiselastisiteit van vraag hê?

A Tee en koffie. ☐

B Waspoeier en sjampoe. ☐

C Pepsi en Coca-Cola. ☐

D 'n Sony PlayStation en die speletjies wat daarop gespeel word. ☐ (2)

1.7 Watter van die volgende sal heel waarskynlik plaasvind wanneer 'n land meer ekonomies ontwikkel raak?

A Opvoedingsvlakke neem af. ☐

B Arbeidsproduktiwiteit neem toe. ☐

C Afhanklikheid van buitelandse hulp neem toe. ☐

D Die tersiêre sektor as deel van BBP neem af. ☐ (2)

1.8 Indien jy in China inkopies doen, watter geldeenheid sal jy nodig hê?

A Hang seng ☐

B Joean (Yuan) ☐

C Jen (Yen) ☐

D Chinese dollar ☐ (2)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

1.9 Die getal sterftes van kinders jonger as een jaar per 1 000 lewende geboortes is die ...

A kindersterftesyfer. ☐

B babasterftesyfer. ☐

C peutersterftesyfer. ☐

D neonatale sterftesyfer. ☐ (2)

1.10 Deflasie is ...

A 'n daling in die waarde van die geldeenheid. ☐

B 'n daling in die inflasiekoers. ☐

C 'n styging in die reële waarde van geld mettertyd. ☐

D 'n verlies aan waarde van kapitaalvoorraad weens slytasie. ☐ (2)

1.11 Watter een van die volgende stellings oor openbare goedere is waar?

A Hulle word net in volmaakte markte voorsien. ☐

B Daar is nie geleentheidskoste by hul voorsiening betrokke nie. ☐

C Hulle word gekenmerk deur die meeloperprobleem. ☐

D Hulle staan ook bekend as "vry goedere". ☐ (3)

1.12 Bestudeer Tabel 3 hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

Tabel 3: Nasionale Rekeninge

Item	R miljoene
Finale verbruiksbesteding deur huishoudings	2 299 426
Finale verbruiksbesteding deur die algemene regering	771 641
Bruto kapitaalvorming	772 808
A	23 844
Bruto binnelandse besteding	**B**

Kies die korrekte kombinasie vir **A** en **B** in die tabel hierbo.

A Verandering in voorraad en R3 867 719 miljoen. ☐

B Respos (oorblywende item) en R3 867 719 miljoen. ☐

C Respos (oorblywende item) en R3 820 031 miljoen. ☐

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

1.13 Tabel 4 toon die ramings van die persentasie van veranderings in prys en hoeveel vir vars vrugte en groente gevra word.

Tabel 4: Pryselastisiteit

Tipe voedsel	Prysverandering (%)	Hoeveelheid gevra (%)
Vars vrugte	7,0	-7,7
Vars groente	8,0	-9,6

Met alle ander dinge gelyk, die data in die tabel stel voor dat ....

A vraag meer pryselasties vir vars groente as vars vrugte is. ☐

B totale inkomste vir produsente van beide vars vrugte en groente gestyg het. ☐

C vraag prys-onelasties vir sowel vars vrugte as vars groente is. ☐

D inkomste-elastisiteit van vraag negatief vir vars vrugte en vars groente is. ☐ (3)

1.14 Watter van die volgende is die beste voorbeeld van prysdiskriminasie?

A 'n Busmaatskappy wat minder as 'n treinmaatskappy vir 'n kaartjie vanaf Johannesburg na Pretoria vra. ☐

B 'n Lugredery wat meer vir besigheidsklas as vir ekonomiese klas vra. ☐

C 'n Restaurant wat minder vir 'n koppie koffie as vir 'n koppie tee vra. ☐

D Eenhede van elektrisiteit wat goedkoper na hoër verbruiksvlakke word. ☐ (3)

1.15 Watter van die volgende stellings is **waar** rakende volmaakte mededingende nywerhede?

A Op kort termyn kan firmas ekonomiese verliese ly of ekonomiese wins maak, maar op lang termyn maak hulle net 'n normale wins. ☐

B Ekonomiese winste sal op lang termyn voortduur indien verbruikersvraag sterk en stabiel is. ☐

C Daar sal ekonomiese verlies op lang termyn wees weens prysmededinging. ☐

D Daar is ekonomiese winste op lang termyn, maar nie op kort termyn nie ☐ (3)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

1.16 China het 'n devaluasie van hul geldeenheid aangekondig as deel van 'n strategie om hul ekonomiese verlangsaming te versag. Met alle ander dinge wat gelyk is, moet hierdie devaluasie ...

A uitvoere verhoog. ☐

B uitvoere verlaag. ☐

C invoere verhoog. ☐

D die grootte van die handelstekort vergroot. ☐ (3)

1.17 China subsidieer uitvoere van rys na Viëtnam, waar rys ook verbou word. Watter van die volgende sal waarskynlik die uitwerking op die mark vir rys in Viëtnam wees?

A 'n Styging in die prys van rys. ☐

B Geen verandering in die prys van rys nie. ☐

C 'n Daling in die prys van rys. ☐

D Styging in vraag na Viëtnam se rys. ☐ (3)

1.18 Watter van die volgende sal 'n uitwaartse verskuiwing veroorsaak, dit is 'n skuif na regs van die totale aanbodkromme?

A Verhoging van vraag deur laer rentekoerse. ☐

B Die ontdekking van en belegging in natuurlike hulpbronne. ☐

C 'n Depresiasie in die wisselkoers. ☐

D 'n Styging in die ekstraksiekoers van bekende natuurlike hulpbronne. ☐ (3)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

1.19 Diagram 2 toon die Lorenz-kromme vir vier verskillende lande.

Diagram 2: Lorenz-kromme



[Bron: <www2.econ.iastate.edu>]

Watter een van die volgende stellings is **vals**?

A Land D se inkomsteverdeling is die ongelykste van die vier lande. ☐

B Land A het 'n inkomsteverdeling wat nie heeltemal gelyk is nie. ☐

C Die inkomsteverdeling is meer ongelyk in Land D as in Land C. ☐

D Die inkomsteverdeling is meer ongelyk in Land A as in Land B. ☐ (3)

1.20 Indien Suid-Afrika die helfte van sy sitrusoes na die Europese Unie (EU) uitvoer, sal 'n resessie in die EU heel waarskynlik die volgende korttermyneffek op die plaaslike sitrusmark, *ceteris paribus*, hê:

A Die Suid-Afrikaanse markprys van sitrus sal styg en die boere wat sitrus uitvoer, sal nuwe buitelandse markte verower. ☐

B Die Suid-Afrikaanse prys van sitrus sal daal en die boere wat sitrus uitvoer sal nuwe buitelandse markte verower. ☐

C Die Suid-Afrikaanse markprys van sitrus sal daal met meer sitrusvrugte wat in plaaslike markte verkoop word. ☐

D Die Suid-Afrikaanse markprys van sitrus sal styg met boere wat sitrus uitvoer wat hul internasionale mededingendheid verloor. ☐ (3)

50 punte

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

AFDELING B

Beantwoord al die vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 2 MAKRO-EKONOMIE

2.1 Bestudeer Grafiek 1 en beantwoord die vrae wat volg.

Grafiek 1



2.1.1 Benoem A tot D.

A _____ (1)

B _____ (1)

C _____ (1)

D _____ (1)

2.1.2 **"Persone wat skoene regmaak, ervaar 'n styging in vraag, aangesien mense verkies om hulle skoene te laat regmaak in plaas daarvan om nuwes te koop."**

In watter fase van die sakesiklus verwag jy sal bogenoemde situasie voorkom? Verduidelik jou antwoord kortliks.

_____

_____

_____

_____

_____

_____ (3)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

2.1.3 **"Afslagwinkels ly weens 'n daling in verkope wanneer inkomste begin styg."**

In watter fase van die sakesiklus verwag jy sal bogenoemde situasie voorkom? Verduidelik jou antwoord kortliks.

_____

_____

_____

_____

_____

_____ (3)

2.2 **"Suid-Afrika se marginale verbruiksgeneigdheid (MVG) word op 0,7 geraam".**

2.2.1 Wat word met die term "marginale verbruiksgeneigdheid (MVG)" bedoel?

_____

_____

_____

_____ (2)

2.2.2 Bereken Suid-Afrika se vermenigvuldiger indien die marginale verbruiksgeneigdheid 0,7 is. Toon al die berekenings.

(4)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

2.2.3 Wat sal met die grootte van die vermenigvuldiger gebeur indien die MVG van 0,7 tot 0,8 styg? Motiveer jou antwoord.

_____

_____

_____

_____

_____ (4)

2.3 Bestudeer Tabel 5 hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Tabel 5: Suid-Afrika se wisselkoers

Datum	Waarde (R/$)
Jan/16	**16.38**
Des/16	**13.83**

[Bron: <http://wwwrs.resbank.co.za/webindicators/SDDSDetail.aspx?DataItem=BOP5329M>]

2.3.1 Beskryf kortliks wat met die R/$ wisselkoers vanaf Januarie 2016 tot Desember 2016 gebeur het.

_____

_____ (2)

2.3.2 Gebruik 'n diagram om die verandering in die wisselkoers vanaf Januarie 2016 tot Desember 2016 te illustreer.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

2.4 Lees die volgende **uittreksel** en beantwoord die vrae wat volg.

> Die Minister van Finansies is in beheer van hoeveel die regering op 'n slag spandeer toe die reële bruto binnelandse produk (BBP) afwaarts na 0,5% vir hierdie jaar hersien is. Die ekonomie het stimulus nodig, maar die Minister van Finansies moet in gedagte hou dat die staatsbegroting reeds 'n tekort het.
>
> Die Minister van Finansies moet egter 'n laegroeistrik vermy – 'n siklus waar lae ekonomiese groei nog stadiger groei veroorsaak.

[Aangepas uit: <http://www.iol.co.za/capetimes/business/pierre-heistein>]

2.4.1 Wie is Suid-Afrika se huidige Minister van Finansies?

_____ (2)

2.4.2 Beskryf die ekonomiese term "reële bruto binnelandse produk".

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____ (4)

2.4.3 Identifiseer die TWEE hoofkwessies wat die Minister van Finansies, volgens die artikel, moet hanteer.

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____ (4)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

2.4.4 Bespreek TWEE **fiskale beleidsmaatreëls** wat die Minister van Finansies kan oorweeg om die ekonomie te stimuleer. Bespreek in jou antwoord die waarskynlike uitwerking op die begrotingstekort indien die Minister besluit het om die ekonomie te stimuleer.

(12)
[50]

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

VRAAG 3 MIKRO-EKONOMIE

3.1 Bestudeer Tabel 6 hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Tabel 6: Marginale en Totale Nut

Eenhede van energiedrankies wat gedrink is	Marginale Nut	Totale Nut
1	50	50
2	**A**	85
3	29	**B**
4	0	114
5	-4	**C**

3.1.1 By watter eenheid van energiedrankies wat gedrink is, word nutsderwing (negatiewe marginale nut) bereik?

_____ (1)

3.1.2 Verduidelik die wet van afnemende marginale nut.

_____

_____

_____

_____ (2)

3.1.3 Bereken die waardes van A, B en C.

_____

_____

_____

_____

_____

_____ (3)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

3.2 **"Sjokolademaatskappye het hul verkope gedurende die resessie verhoog, aangesien mense probeer om hulself vroliker te stem deur meer soetgoed te eet."**

3.2.1 Verduidelik die verskil tussen 'n normale produk en 'n minderwaardige produk.

(4)

3.2.2 In watter mate sal alle sjokolademaatskappye verhoogde verkope gedurende 'n resessie ervaar?

(4)

3.3 **"In sommige ontwikkelende ekonomieë is daar maksimum pryse vir sekere voedingstowwe."**

3.3.1 Verduidelik kortliks EEN rede hoekom regerings in ontwikkelende ekonomieë 'n maksimum prys op sekere voedingstowwe sal hef.

(2)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

3.3.2 Verduidelik met behulp van 'n diagram wat sal gebeur indien 'n regering 'n maksimum prys op 'n produk laer as die ewewigsprys hef en **bepaal** watter uitwerking dit op die mark vir daardie produk sal hê.

(8)

eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Vraag 3.4 en 3.5 is op Inligtingsblad 1 gegrond.

Inligtingsblad 1



[Bron: <http://mg.co.za/article/2016-04-11-sa-has-an-appetite-for-fast-food>]

3.4 3.4.1 Noem TWEE faktore wat die vraag na kitskos kan verhoog.

_____

_____

_____

_____ (2)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

3.4.2 Verduidelik hoekom kitskositems as "gebrekkige goedere" (onverdienstelike) geklassifiseer kan word.

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____ (4)

3.4.3 Bespreek kortliks EEN manier waarop die regering die markmislukking wat met die verkoop van kitskos gepaard gaan, kan verminder.

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____ (4)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

3.5 Kitskosafsetpunte is voorbeelde van **monopolistiese mededinging**. Motiveer hoe hierdie voorbeeld met VIER kenmerke van monopolistiese mededinging ooreenstem.

eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

(16)
[50]

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

VRAAG 4 EKONOMIESE WERKSAAMHEDE

4.1 Lees die **uittreksel** en beantwoord die vrae wat volg.

> Botswana is die wêreld se grootste produsent van diamante. Botswana het in 1995 by die Wêreldhandelsorganisasie aangesluit. Vertroue in diamantuitvoere het Botswana se ekonomie kwesbaar vir eksterne skokke gemaak. Die vertroue in die diamantbedryf is baie duidelik. Van die totale waarde van uitvoere in 2010 van $4 593 miljoen, is $3 206 miljoen (of 70%) van diamante afkomstig en 13% van koper en nikkel. Van deurslaggewende belang is dat die regering beraam dat die hoofdiamantneerslae tussen 2025 en 2030 uitgeput sal wees.

[Bron: <http://www.tutor2u.net/economics/reference/botswana-growth-and-development>]

4.1.1 Wat is die rol van die Wêreldhandelsorganisasie?

_____

_____

_____

_____ (2)

4.1.2 Verduidelik kortliks TWEE ekonomiese uitdagings waarvoor Botswana se ekonomie te staan kom.

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____ (4)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

4.1.3 Sal 'n toename in uitvoere tot groter ekonomiese ontwikkeling in Botswana lei? Motiveer jou antwoord.

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____ (6)

4.2 Bestudeer Tabel 7 hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Tabel 7: Maatskaplike Aanwysers

	MOI	Gini-koëffisiënt	BBP per capita
Suid-Afrika	0,666	65,0	$7 593
Namibië	0,628	61,3	$6 000
Lesotho	0,497	54,2	$1 370
Denemarke	0,923	26,9	$58 098
Noorweë	0,944	26,8	$89 493

4.2.1 Watter land het die hoogste vlak van ongelykheid?

_____ (2)

4.2.2 Watter land het die hoogste lewensstandaard?

_____ (2)

4.2.3 Identifiseer TWEE lande in die bostaande tabel wat as ontwikkelde lande beskou word. Gee 'n rede vir jou antwoord.

_____

_____

_____

(4)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

4.2.4 Onderskei kortliks tussen MOI en BBP per capita as meting van ekonomiese ontwikkeling.

(4)

4.2.5 Bespreek kortliks hoe opvoeding, as 'n aanbodkantbeleid, 'n land se MOI-rangorde kan verhoog.

(4)

4.3 4.3.1 Verduidelik die verskil tussen 'n invoertarief en 'n invoerkwota.

(4)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

4.3.2 "Handelstariewe benadeel altyd verbruikers en doeltreffende produsente ten einde ondoeltreffende produsente te beskerm."

Evalueer hierdie stelling kortliks.

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____ (6)

eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

4.3.3 Bespreek DRIE redes hoekom ontwikkelende lande geneig is om 'n beleid van proteksionisme te verkies.

(12)
[50]

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

VRAAG 5 KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES EN GEMENGDE VRAE

5.1 Verduidelik die volgende begrippe:

5.1.1 Disinflasie

_____

_____

_____

_____ (2)

5.1.2 PPI

_____

_____

_____

_____ (2)

5.1.3 Die Phillips-kromme

_____

_____

_____

_____ (2)

5.2 **Vraag- of kostedrukinflasie?**

Ontleed onderstaande stellings en besluit watter tipe inflasie elk sal veroorsaak, d.i. vraag- of kostedrukinflasie.

5.2.1 Verbruikers het makliker toegang tot krediet.

_____ (2)

5.2.2 Verskaffers moet hoër pryse vir grondstowwe betaal.

_____ (2)

5.2.3 Vakbonde eis loonverhogings wat meer is as die styging in produktiwiteitsvlakke.

_____ (2)

5.2.4 Verbruikers se besteebare inkomste word meer.

_____ (2)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

5.2.5 Die lopende rekening verander van 'n tekort na 'n surplus.

_____ (2)

5.3 **"Statistieke Suid-Afrika het aangekondig dat die land se jaarlikse verbruikersprysindeks (VPI) tot 6,4% versnel het."**

5.3.1 Verduidelik kortliks hoe die VPI saamgestel word.

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____ (4)

5.3.2 Sal die Suid-Afrikaanse Reserwebank bekommerd wees oor die nuusopskrif? Motiveer jou antwoord.

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____ (4)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

5.4 Bestudeer Spotprent 1 hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Spotprent 1: Minimum Loon

[Bron: <http://www.theannouncer.co.za/minimum-wage/>]

5.4.1 Verduidelik die verskil tussen die "minimum loon" en die "bestaansloon".

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____ (4)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

5.4.2 In watter mate sal die bekendstelling van 'n nasionale minimum loon armoede in Suid-Afrika verminder?

(6)

5.5 **"Verbeterings in die beweeglikheid van arbeid is noodsaaklik om werkloosheid te verminder."**

5.5.1 Verduidelik kortliks EEN manier waarop die beweeglikheid van arbeid verbeter kan word.

(4)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

5.5.2 Met verwysing na bostaande stelling, gebruik 'n aanbod-en-vraag-diagram en 'n verduideliking om aan te dui watter uitwerking 'n verbetering in die beweeglikheid van arbeid op die loonvlak en hoeveelheid arbeid wat benut word, sal hê.

(12)
[50]

200 punte

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

AFDELING C

VRAAG 6 DATARESPONS

Bestudeer die volgende inligting en beantwoord die vrae wat volg.

Vraag 6.1 is op Bron 1 gegrond.

Bron 1:

[Bron: <http://www.jnsfinancialservices.co.za/>]

6.1 6.1.1 Met verwysing na Bron 1, identifiseer die Suid-Afrikaanse regering se grootste bron van belastinginkomste.

_____ (2)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

6.1.2 Verduidelik kortliks die verskil tussen progressiewe belastings en regressiewe belastings met behulp van voorbeelde uit Bron 1.

(6)

6.1.3 Gebruik 'n diagram en verduideliking om te ontleed hoe 'n styging in inkomstebelastingkoerse tot laer belastinginkomste kan lei.

(8)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Vraag 6.2 is op Bron 2 en Bron 3 gegrond.

Bron 2:



Bron 3:

Stagflasie is besig om die ekonomie te bedreig, met sommige ekonome wat sê dat die land reeds in 'n "stagflasiestrik" is. Die Reserwebank kom voor 'n baie moeilike verrekening (kompromis) tussen groei en inflasie te staan.

[Bron: <http://mg.co.za/article/2014-07-03-sa-faces-stagflation-trap>]

6.2 6.2.1 Omskryf die ekonomiese term "stagflasie".

_____

_____

_____

_____

_____

_____ (3)

6.2.2 Noem Suid-Afrika se VYF makro-ekonomiese doelstellings.

_____

_____

_____

_____

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

6.2.3 Bespreek kortliks TWEE gevolge van inflasie.

(8)

eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

6.2.4 Met verwysing na die monetêre beleidsaksie, verduidelik hoekom "Die Reserwebank voor 'n baie moeilike verrekening (kompromis) tussen groei en inflasie" te staan kom.

(8)

eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Vraag 6.3 is op Bron 4 gegrond.

Bron 4:



[Bron: <http://www.tradingeconomics.com/south-africa/current-account>]

6.3 6.3.1 Met verwysing na Bron 4, identifiseer of die saldo's op die lopende rekening 'n lekkasie of 'n inspuiting verteenwoordig.

_____ (2)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

6.3.2 Indien jy 'n ekonomiese adviseur vir die regering is, **stel** VIER maniere **voor** waarop Suid-Afrika kan verseker dat meer geld die land inkom as wat die land verlaat.

(8)

50 punte

Totaal: 300 punte

eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com